

BELANGENUUS

KAKAMAS BELANGEGROEP



REGRUK: Die parkie in Fase 4 word opgeruim.
FOTO: Craig O'Brien

Goeie nuus

Karsten en Belangegroep herstel Fase 4-park

KAKAMAS – Die park in Fase 4, Kakamas, het op Vrydag 17 April begin verander van nog 'n verwaarloosde openbare ruimte in 'n terrein wat weer aandag en gebruik kan kry nadat die Karsten Groep mense en toerusting gestuur het om herstelwerk aan te pak. Die inisiatief is gelei deur Ignus Wessels van Koeb Koeb-plaas, wat ook 'n lid van die Kakamas Belangegroep is.

Die skoonmaak- en herstelaksie het nie uit die bloute gekom nie. Volgens inligting uit die gemeenskap word daar al jare gevra dat die munisipaliteit die park moet instandhou. In die afgelope maande het Care 4 Life se Craig O'Brien en Cornelius Kruger die munisipaliteit herhaaldelik om hulp genader, maar sonder sukses.

“Ons het die munisipaliteit hoeveel keer gevra om daardie plek skoon te maak en ons word

geïgnoreer”, het O'Brien gesê. “Ons het rondgevra en toe kom Ignus [Wessels] aanboord en die belangegroep.”

Teen daardie agtergrond dra die ingryping meer gewig as bloot 'n enkele skoonmaakaksie. Dit wys op twee dinge tegelyk. Eerstens wys dit hoe lank basiese munisipale instandhouding in sekere woonbuurte uitbly. Tweedens wys dit hoe gemeenskapslede, plaaslike ondernemings en burgerlike netwerke soms self moet inspring waar die openbare verantwoordelikheid nie nagekom word nie.

Op die terrein is mense en trekkers ingespan om die park skoon te maak en te begin herstel. Die werk het reeds 'n duidelike verskil aan die ruimte gemaak. Die belangegroep wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om vir Wessels en Karsten te bedank vir dié inisiatief.

Vergadering

Algemene jaarvergadering

KAKAMAS – Die Kakamas Belange-groep se vergadering oor voorgestelde grondwetwysigings vind op Dinsdag 6 Mei om 18:30 by die Kalahari Gateway Hotel in Voortrekkerstraat, Kakamas, plaas. Almal is welkom om die vergadering by te woon, maar slegs betalende lede sal oor die voorgestelde wysigings mag stem. Die huidige grondwet en die voorgestelde gewysigde grondwet sal vooraf aan lede beskikbaar gestel word sodat dit betyds gelees kan word.

Die voorgestelde wysigings is daarop gemik om die grondwet te moderniseer, die organisasie meer werkbaar te maak, en duideliker voorsiening te maak vir projekte, lidmaatskap, botsings van belange en finansiële beheer.

Die bestuur sal dieselfde aand ook terugvoer gee oor verskeie lopende sake, waaronder die waterpetisie, Eskom en die PAIA-aansoek oor waterwa-kontrakte asook ander projekte waarmee hulle besig is.

| Goeie nuus

Lootjieprojek lewer nuwe platform vir noodwatertenk

KAKAMAS – Die Kakamas Belangegroep se lootjieprojek vir die herstel van die noodwatertenk-platform in Fase 4 het sy doel bereik, met die platform wat nou klaar gebou is. Die projek het ten doel gehad om die sement- en baksteenplatform waarop die noodwater-tenk staan, te herstel. Die belangegroep het sy dank uitgespreek teenoor Frans Eland, 'n 66-jarige afgetrede ambagsman, wat sy arbeid gratis aangebied het. Verdere dank is gerig aan Etienne Jordaan, bestuurslid van die

belangegroep, vir die leen van sy menger, asook vir sy kennis, toesig en ondersteuning tydens die bouwerk.

Saverite het ook 'n hydrae gelewer deur die Maxi-stene vir die projek te skenk.

Marie Nel, bestuurslid van die belangegroep, het die skaap vir die wenlootjie geskenk. Die trekking het op 17 Februarie 2026 plaasgevind en R6,820 is in totaal ingesamel. Die wenlootjie is deur Bernard Whyburd gekoop en die prys aan Kokerboom-Oord geskenk.



WENNER! W.n.r. Bernard Whyburd (GVD), Hannes Papenfus (Kokerboom-Oord) en Rozanne van Rensburg (ondervoorsitter van die belangegroep)



WATER IS LEWE: Die noodwatertenk op sy nuwe platform in Fase 4.
FOTO: Cornelius Kruger

| Rampbestuur

Storm wys Kakamas se rampbestuur misluk

KAKAMAS – Die swaar bui reën wat op 16 April 2026 oor die middaguur oor Kakamas en omliggende gebiede uitgesak het, het nie net skade veroorsaak nie. Dit het ook weer die toestand van die dorp se basiese infrastruktuur en die munisipaliteit se onvermoë om daarop te reageer, oopgevelek. Reënval van tussen 40 mm en 100 mm is gemeet, met verskeie dele van die dorp wat skade opgedoen het.

Een van die duidelikste probleme was die toestand van stormwaterafvoer. Die munisipaliteit se versuim om vullis te verwyder het tot verstoppings van stormwaterslote en opdamnings gelei, veral voor die skole in Voortrekkerstraat. Waar stormwater moes vloei, het rommel en verwaarloosende vloei belemmer en die risiko vir verdere skade vergroot.

Die dorp se krag het weer ingegee toe die reën toeslaan. Inwoners was vir 'n geruime tyd sonder elektrisiteit, en van die skade in Kakamas-Oos was teen ter perse gaan op 21 April steeds nie herstel nie. Schröder en Cillié

se elektrisiteit het tot op 18 April nog lukraak aan en af gegaan het. Die herstelwerk is verder bemoeilik deur die feit dat daar net een “cherry picker” vir die hele munisipale gebied is wat Kakamas, Keimoes en Kenhardt insluit.

Teen hierdie agtergrond het die Kakamas Watervruiersvereniging, onder leiding van Niel van Niekerk, ingespring en met 'n slootgraver stormwaterslote rondom die dorp van rommel skoongemaak voordat dit in die Oranjerivier beland het. Dit was 'n praktiese ingryping waar die munisipaliteit nie betyds of voldoende opgetree het nie.

Volgens Jaco Visser, voorsitter van die belangegroep, het “die skade wat deur die storm op 16 April in Kakamas en omliggende gebiede aangerig is, die mislukking van die munisipaliteit se rampbestuur duidelik uitgewys. Die kragnetwerk hang aan 'n dun draadje, die slaggate in die paaie word al groter en daar is nie sprake van instandhouding van stormwaterslote nie. Dis 'n wesenlike risiko vir inwoners en besighede.”



ROMMELARY: Die watervruiersvereniging maak 'n stormwaterslot skoon.
FOTO: Niel van Niekerk

Mening

Jaco Visser

Waarom die Belangegroep Eskom se DAA in Kai !Garib as uitweg steun

Die kern van die huidige Eskom-geskil in Kai !Garib is eenvoudig: Eskom het formeel kennis gegee dat hy die munisipaliteit se grootmaat-elektrisiteitsvoorsiening vanaf 8 Mei 2026 wil onderbreek of verminder weens agterstallige skuld van R1,036 miljard. Die kennisgewing identifiseer Kakamas, Keimoes en Kenhardt as die betrokke voorsieningspunte wat afgesny gaan word. Eskom het terselfdertyd aangedui dat daar drie moontlike roetes op die tafel is - 'n Distribution Agency Agreement (DAA), 'n voorafbetaalreëling waarvolgens slegs voorsien word tot die vlak wat die munisipaliteit kan bekostig, of 'n stelsel waar munisipale verbruikers Eskom direk betaal. Die belangegroep se standpunt is dat onderbreking of vermindering van grootmaatkrag die slegste van die drie opsies is.

Waarom? Omdat elektrisiteit in Kai !Garib nie

bloot 'n gerief is nie. Volgens 'n memorandum wat vir bespreking met regsverteenwoordigers deur die belangegroep opgestel is, rus huishoudelike water, rioolhantering, kommunikasie, besproeiing, boorgate, koelkamers, pakhuse, kleinhandel, gesondheidsdienste en die breër landbou-ekonomie alles op deurlopende kragvoorsiening. Die dokument wys ook daarop dat water nie sonder krag na Kenhardt gepomp kan word nie, dat selfoondienste ná ongeveer 'n uur se onderbreking kan faal, en dat krag in plekke soos Kakamas nodig is om riool na die rioolwerke te pomp. In so 'n omgewing tref 'n grootmaatonderbreking nie net die munisipaliteit nie, maar dit tref die hele plaaslike stelsel.

Dit is juis hier waar die DAA inkom. Eskom beskryf só 'n ooreenkoms nie as 'n oordrag van die munisipaliteit se verspreidingslisensie of klantebasis nie. Dit is eerder 'n dienslewering- of agentskapsmodel waar Eskom sekere ingenieurs-, bedryfs- en invorderingsfunksies namens die munisipaliteit verrig, terwyl die munisipaliteit steeds die lisensiehouer en tarief-herverspreider bly. Eskom beskryf hierdie aktiewe-vennootskapsmodel as een wat onder meer onderhoud, bedrywigheide, meteroudits, rekeningkunde, invordering, voorafbetaalplatforms, skuldbeheer, netwerk-beplanning en nakomingsfunksies kan insluit. Die belangegroep redeneer dus dat die DAA juis gemik is op die werklike probleem, naamlik invordering, tegniese kapasiteit, onderhoud en bedryfsbeheer, sonder om die gemeenskap in die proses te straf.

Die verdere punt in die indiening van vertoeë aan Eskom is dat die mense wat deur 'n onderbreking getref sal word, nie noodwendig dieselfde mense is wat vir die skuld verantwoordelik is nie.

Baie inwoners en ondernemings betaal vooruit

vir elektrisiteit of is op datum met hul rekening, maar sal steeds die gevolge dra van 'n grootmaatonderbreking. Die belangegroep se vertoeë noem konkrete risiko's: ontwrigting van besproeiing en waterpompe, skade aan koelberging en produkhantering, stilstand by winkels en besighede, probleme met kaartbetalings, internet en brandstofpompe, asook breër skade aan werk, handel en die plaaslike ekonomie. Dit is waarom die organisasie Eskom vra om eerder 'n minder skadelike meganisme te volg, hetsy 'n DAA, direkte betalings of ander afgebakende invorderingsmaatreëls, as om die streek se ekonomiese en diensleweringbasis af te sny.

Die belangegroep se standpunt is dus nie dat Kai !Garib se skuld gering is nie. Die punt is eerder dat die voorgestelde invordering van die skuld, die skade kan verdiep terwyl dit die verkeerde mense tref. In die Kai !Garib-omgewing is krag nou verbind aan water, sanitasie, boerdery, handel, werk en openbare orde. Daarom steun die belangegroep die DAA in beginsel: nie omdat dit 'n towerstaffie is nie, maar omdat dit die enigste opsie is wat terselfdertyd voorsieningskontinuiteit probeer behou én die invorderings- en bestuurskrisis probeer aanspreek.

Daar is verdere probleme wat die saak dringender maak. Eerstens is daar, volgens die memorandum, geen munisipale kennisgewing aan inwoners beskikbaar gestel nie. Tweedens lê die teks van enige moontlike DAA nog nie voor die belangegroep nie. Daar word dus van die gemeenskap gevra om die risiko van 'n grootmaatonderbreking te dra terwyl die dokumentêre prentjie nog onvolledig is. Dit is nie 'n geringe prosesvraag nie. In 'n munisipaliteit waar krag verbind is aan water, sanitasie, boerdery, handel en openbare orde, behoort openheid en spoed die minimum te wees. Die tyd vir stilbly is verby. Die gemeenskap eis eerlike antwoorde en 'n uitweg.



KRAGMOEILIKHEID: Munisipale wanbetaling bedreig Kai !Garib se inwoners en besighede.

FOTO: Jaco Visser


Elektrisiteit

Bome bedreig kraglyne weer

KAKAMAS – Inwoners van Kakamas is versoek om takke wat bo-oor die munisipaliteit se kraglyne hang, so gou moontlik te laat afsaag. Die versoek kom van Meyer Clarke, bestuurder van elektrisiteitsdienste by Kai !Garib-munisipaliteit, wat gewaarsku het dat oorhangende takke 'n wesenlike risiko vir die netwerk en vir eiendom inhou. Sodra takke aan kraglyne raak, kan dit vonke veroorsaak, selfs wanneer daar net 'n ligte wind waai. Indien 'n tak afbreek of 'n boom omwaai, kan dit verdere skade aanrig en tot kragonderbrekings lei. In sulke gevalle dra die eienaar ook die risiko van die skade op sy eiendom.

Die waarskuwing volg in die nasleep van die storm van Donderdag 16 April, toe groot ontwinging in Kakamas veroorsaak is en sommige inwoners steeds sonder krag is. “Kakamas se elektrisiëns doen wat hulle kan.

Ek het gevra of hulle ekstra hulp uit Keimoes kan kry, maar hulle storm was net so erg, daar is ook baie kragprobleme,” het Marie Nel, bestuurslid van die belangegroep, gesê. Bome is ook 'n probleem vir krag in Schröder.



BOME: Die munisipaliteit versoek inwoners om bome naby aan kraglyne terug te snoei.
FOTO: Jaco Visser

Waterwa-kontrakte

Belangegroep appelleer munisipaliteit se PAIA-swyg

KAKAMAS – Die Kakamas Belangegroep het op 21 April 'n interne appèl ingevolge artikel 74 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) geloods nadat Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit nie binne die voorgeskrewe tyd op 'n formele versoek om dokumentasie oor gekontrakteerde waterwa-kontrakte gereageer het nie. Die appèl volg ná 'n PAIA-versoek wat op 7 Februarie ingedien is, asook 'n finale kennisgewing wat op 10 April aan die munisipale bestuurder gestuur is. Die oorspronklike versoek het toegang gevra tot rekords oor gekontrakteerde dienste vir die lewering van drinkbare en nie-drinkbare water aan onder meer Kakamas, Keimoes,

Kenhardt, Kanoneiland, Lutzburg, Cillié, Alheit, Marchand en Augrabies vir die tydperk 1 Januarie 2021 tot 31 Desember 2025. Die versoek het wyd gestrek: van interne goedkeurings, tender- en kwotasie-dokumentasie, bodevaluering en toekennings, tot kontrakte, diensvlak-ooreenkomste, afleweringrekords, betalings-bewyse, en watergehalte- en nakomings-dokumente. Die belangegroep het ook gevra dat die rekords waar moontlik elektronies verskaf word.

Volgens die appèlmemorandum is ontvangs van die versoek op 8 Februarie deur die munisipale bestuurder, Obakeng Isaacs, erken, maar geen inhoudelike besluit het gevolg nie. Die statutêre sperdatum vir reaksie het op 16 Maart verstryk. Op 10 April het die belangegroep toe 'n finale kennisgewing gestuur waarin die munisipaliteit vyf werksdae gegun is - tot 20 April - om volle

toegang tot die gevraagde rekords te verskaf. In dié brief is ook gewaarsku dat verdere stappe, insluitend 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of hofverrigtinge, kan volg indien daar steeds nie voldoen word nie. In die appèl voer die belangegroep aan dat die munisipaliteit se versuim neerkom op 'n “deemed refusal” (geagte weiering) en dat geen skriftelike weiering, geen redes en geen geldige verlenging ooit meegedeel is nie. Die organisasie vra nou dat die weiering tersyde gestel word, dat volle toegang tot die rekords toegestaan word, dat dit in elektroniese formaat verskaf word waar moontlik, en dat alle rekords binne die omvang van die versoek bewaar moet word hangende die afhandeling van die appèl en enige verdere regstappe. Die kern van die saak is eenvoudig: die dokumente raak waterdienste, openbare besteding en die vraag of die munisipaliteit sy grondwetlike en statutêre pligte nakom.

Inligting

Belangegroep se e-posadres
kakamasbelangegroep@gmail.com